




Est. 1985

FALCON®

OPERATORS MANUAL / OPERATEURSHANDLEIDING

Slashers / Wentelsnyers

Light and Medium Duty



CONTENTS

FOREWORD	1
COMPANY PROFILE	2
WARRANTY AND DISCLAIMER	3
PRODUCT RANGE	5
INSTALLATION	6
OPERATION	9
MAINTENANCE	11
TROUBLESHOOTING	16
PARTS LISTS	17

INHOUD

VOORWOORD
MAATSKAPPYPROFIEL
WAARBORG EN VRYWARING
PRODUKREEKS
INSTALLERING
WERKING
INSTANDHOUDING
FOUTOPSPORING
PARTELYSTE

Authorised Dealer / Gemagtigde handelaar:

Date of Sale / Verkoopsdatum:

Implement:

Model No. / Model Nr.:

Serial No. / Reeks Nr.:

Part number M8421
Version 1
Date of publication 2018/01/29

Onderdeelnummer
Weergawe
Datum van publisering

FOREWORD




We at Falcon commend and congratulate you on the purchase of your Falcon implement, which we consider to be the best of its type available.

However, we would like to remind you that your success and satisfaction with the product will be greatly improved by you familiarising yourself with the contents of this manual. It contains important information relevant to the responsible operation, maintenance and most importantly, safe use of the product.

Note that failure to observe or comply with the provisions of this manual may result in unsafe operating conditions as well as damage to products and property which shall not be covered under warranty.

Should this manual become misplaced, damaged or destroyed, further copies are available from your Falcon dealer. Alternatively, this document is available for download from our website: www.falconequipment.co.za

Symbols used in this document

	Safety-critical notices	Failure to comply with these notices may result in serious damage to equipment, personal injury or death.
	Veiligheidskritieke kennisgewings	Versuim om aan hierdie kennisgewings gehoor te gee kan ernstige skade aan toerusting, persoonlike beserings of dood tot gevolg hê.
	Procedures and checks	To be carried out by suitably competent persons in the course of installation, operation and maintenance of the equipment.
	Prosedures en kontroles	Moet deur toepaslik bekwame persone uitgevoer word by die installering, bedryf en instandhouding van die toerusting.
	General information	Information provided for references purposes, including any external references intended to be read in conjunction with this manual.
	Algemene inligting	Inligting vir verwysingsdoeleindes, insluitend enige eksterne verwysings wat bedoel is om saam met hierdie handleiding gelees te word.

VOORWOORD

Ons by Falcon wens jou geluk met die aankoop van jou Falcon-implement, wat ons as die beste beskikbare werktuig in sy soort beskou.

Ons herinner u egter graag daaraan dat u sukses en tevredenheid met die produk grootliks verbeter sal word as u met die inhoud van hierdie handleiding vertrou raak. Dit bevat belangrike inligting met betrekking tot die verantwoordelike gebruik, instandhouding en, die heel belangrikste, veilige gebruik van die produk.

Let asseblief op dat versuim om die bepalinge van hierdie handleiding na te kom tot onveilige bedryfstoeleende asook skade aan produkte en eiendom kan lei wat nie onder die waarborg gedek sal wees nie.

Indien hierdie handleiding dalk verloor, beskadig of vernietig sou word, is daar verdere kopieë by u Falcon-handelaar beskikbaar. Hierdie dokument kan ook van ons webwerf, www.falconequipment.co.za, afgelaai word.

Simbole wat in hierdie dokument gebruik word

COMPANY PROFILE

MAATSKAPPYPROFIEL

Falcon Agricultural Equipment (Pty) Ltd is the largest manufacturer of rotary cutters in Africa. The company opened its doors in 1985, at its current premises in Howick, Kwazulu-Natal, South Africa. This is the ideal location as it is an agricultural area with a leading agricultural college nearby.

Our primary market is the agricultural sector, with niche efforts into the industrial and turf implement markets. We distribute our products through a network of over 250 authorised dealers and approximately 110 dedicated mechanisation dealers countrywide. We also distribute our products across our borders into other African countries such as Botswana, Kenya, Malawi, Mozambique, Namibia, Uganda, Swaziland, Tanzania, Zambia, and Zimbabwe.

We manufacture the Falcon range of implements, and our ongoing program of innovation and improvement ensures that we consistently launch implements to satisfy our customers' ever-changing needs.

The Falcon range includes slashers, Haymakers®, material handling implements, mulchers, mowers, spreaders, rotavators, and flail implements. Each is designed to be simple, safe, and serviceable while offering excellent value for money. They are built to last and are capable of coping with the tough South African conditions.

In many parts of South Africa "Falcon" is the generic term for grass-cutting implements, making us the undisputed leader in our field. Delivery on a marketing promise is the foundation of any successful marketing drive and farmers buying the Falcon brand buy more than just a product - they buy the heritage and expertise of a company that has been around for a long time!

We also import a range of implements that complement the locally manufactured ones. These include the Amazone spreaders, sprayers, mowers, and soil tillage implements (from Germany).

Falcon Agricultural Equipment (Pty) Ltd is committed to supporting our local communities in many different ways. Our main focus is the well-being of children and we provide a safe and suitable school environment for them, as well as school-related necessities.

Our team prides itself on its professional approach to business. We have built long-standing relationships with our dealers and their customers based on honesty, trust, respect, and integrity. Excellent customer service is an important part of the Falcon promise.

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. is die grootste vervaardiger van wentelsnyers in Afrika. Die maatskappy het sy deure in 1985 by sy huidige perseel in Howick, KwaZulu-Natal, Suid-Afrika, geopen. Die ligging is ideaal: in 'n boerderygebied met 'n vooraanstaande landboukollege naby.

Ons hoofmark is die landbousektor, met nisverkope in die nywerheids- en grasbaanimplement-markte. Ons versprei ons produkte deur 'n netwerk van meer as 250 gemagtigde handelaars met ongeveer 110 toegewyde meganisasiehandelaars landswyd. Ons versprei ook ons produkte oor ons grense na ander Afrikalande soos Botswana, Kenia, Malawi, Mosambiek, Namibië, Uganda, Swaziland, Tanzanië, Zambië, en Zimbabwe.

Ons vervaardig die Falcon-implementreeks en ons voortgesette program van vernuwing en verbetering verseker dat ons konstant implemente bekendstel wat ons kliënte se immer veranderende behoeftes bevredig.

Die Falcon-reeks sluit wentelsnyers, Hooimakers®, materiaalhanteringsimplemente, mulchers, grassnyers, strooiers, kapploë en vleëlimplemente in. Almal is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees terwyl hulle uitstekende waarde vir geld bied. Hulle is gebou om te hou en ons strawwe Suid-Afrikaanse toestande die hoof te bied.

In baie dele van Suid-Afrika is "Falcon" die generiese term vir grassny-implemente, wat ons die onbetwiste leier op ons gebied maak. Die nakom van 'n bemarkingsbelofte is die grondslag van enige geslaagde bemarkingsveldtog, en boere wat die Falcon-handelsmerk koop, koop meer as net 'n produk – hulle koop die erfenis en deskundigheid van 'n maatskappy wat al lank in die land is!

Ons voer ook 'n reeks implemente in wat die plaaslik-vervaardigdes komplementeer. Dit sluit in die Amazone-strooiers, -spuite, -grassnyers en -grondbewerkings-implemente (uit Duitsland).

Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. is verbonde tot die ondersteuning van ons plaaslike gemeenskappe op baie verskillende maniere. Ons hooffokus is die welsyn van kinders, en ons verskaf vir hulle 'n veilige en geskikte skoolomgewing, sowel as skoolverwante benodigdhede.

Ons span is trots op sy professionele benadering tot besigheid. Ons het langdurige verhoudings met ons handelaars en hul klante opgebou wat op eerlikheid, vertroue, respek en integriteit gebaseer is. Voortreflike klantediens is 'n belangrike deel van die Falcon-belofte.

WARRANTY AND DISCLAIMER

Falcon products are manufactured in accordance with established quality standards and are accompanied by a limited warranty against defective materials and workmanship. In terms of this warranty, Falcon or an authorised Dealer may conduct reasonable repairs or replacement of products or parts of products, as required.

General conditions of limited warranty

Any claim with respect to warranty shall satisfy the following minimum conditions.

- The implement has not been subjected to misuse, abuse, damage or acts of negligence.
- The Owner is in possession of, and can demonstrate an understanding and application of the provisions of this manual.
- The implement has been used exclusively for its intended purpose and in a configuration in which it was designed to operate.
- Installation, setup, operation and maintenance of the implement have been carried out in accordance with this manual.
- Maintenance of the implement has been carried out as prescribed in this manual, using original and approved parts.
- The implement has not been subjected to structural, mechanical or any other unauthorised modification or repair.
- A warranty claim has been reported to an authorised Dealer within the prescribed warranty period for the product concerned.

Exclusions

The following items are excluded from warranty cover, including any costs relating to these.

- Parts reckoned as consumable or wearing parts.
- Products or parts of products exhibiting acceptable wear and tear.
- Temporary replacement, loan or hire of substitute parts or equipment.
- Transport and handling of affected products.
- Consequential damage or loss on the part of any person, organization or otherwise affected party.

Validity

This warranty supersedes all previous conditions of warranty, whether expressed or implied, including any previous obligation or liability on the part of Falcon in respect of non-conforming or defective product.

Disclaimer

Falcon maintains a programme of continuous product improvement and consequently reserves the right to change designs, specifications, descriptions and materials

WAARBORG EN VRYWARING

Falcon-produkte word vervaardig ooreenkomstig met gevestigde gehalte-standaarde en word deur 'n beperkte waarborg teen defektiewe materiale en vakmanskap gedek. Kragtens hierdie waarborg mag Falcon of 'n gemagtigde Handelaar redelike herstelwerk of vervanging van produkte of produkonderdele uitvoer, soos vereis.

Algemene voorwaardes van beperkte waarborg

Enige eis ten opsigte van die waarborg moet aan die volgende minimumvoorwaardes voldoen:

- Die implement is nie aan verkeerde gebruik, misbruik, beskadiging of verwaarlosing onderwerp nie.
- Die Eienaar is in besit van hierdie handleiding en kan 'n begrip en toepassing van die bepalings daarvan demonstree.
- Die implement is uitsluitlik vir die bedoelde doel gebruik en in 'n konfigurasie waarin dit ontwerp is om bedryf te word.
- Installering, opstelling, bedryf en instandhouding van die implement het in ooreenstemming met hierdie handleiding plaasgevind.
- Instandhouding van die implement is uitgevoer soos in hierdie handleiding voorgeskryf, met gebruik van oorspronklike en goedgekeurde onderdele.
- Die implement is nie aan enige strukturele, meganiese of enige ander ongemagtigde wysiging of herstelwerk onderwerp nie.
- Kennis van 'n waarborg-eis is binne die voorgeskrewe waarborgtydperk vir die betrokke produk aan 'n gemagtigde Handelaar gegee.

Uitsluitings

Die volgende items word van waarborgdekking uitgesluit, insluitend enige onkoste daaraan verbonde.

- Onderdele as verbruikbare of slytonderdele geag.
- Produkte of produkonderdele wat aanvaarbare slytasie vertoon.
- Tydelike vervanging, leen of huur van vervangingsonderdele of -toerusting.
- Vervoer en hantering van geaffekteerde produkte.
- Gevolglike skade of verlies aan of deur enige persoon, organisasie of andersins geaffekteerde party.

Geldigheid

Hierdie waarborg vervang alle vorige waarborgvoorwaardes, hetsy eksplisiet of geïmpliseer, insluitend enige vorige verpligting of aanspreeklikheid van Falcon ten opsigte van nie-ooreenstemmende of defekte produkte.

Vrywaring

Falcon handhaaf 'n program van voortdurende produkverbetering en gevolg behou ons die reg om ontwerpe, spesifikasies, beskrywings, materiale en enige ander

of construction and any other product attribute without prior notice. This includes no obligation to reflect such changes in documentation or literature or to provide any such changes to products previously sold or held in stock.

produkteienskap sonder voorafkennisgewing te wysig, insluitend geen verpligting om sulke veranderinge in dokumentasie of literatuur te weerspieël of aan te bring aan produkte wat voorheen verkoop of aangehou is nie.

Warranty Periods

Brands	Product groups	Components	Origin	Versions	Period	
Falcon	Slashers Haymakers® Rollermowers Blowermowers™	Gearboxes	Imported	All	2y	
			Falcon	F50	3y	
				F80	3y	
			PTO shafts	Imported	All	1y
		OEM parts	Falcon	All	2y	
	Dual-spindle Slashers Dual-spindle Haymakers® Flexwing Grassmulchers™ Fieldmulchers™ SD Mulchers Rotagang®	Gearboxes	Imported	All	1y	
				Falcon	F50	2y
			F60		1y	
			F80		2y	
			PTO shafts	Imported	All	1y
			OEM parts	Falcon	All	1y
	Flail implements	Gearboxes	Imported	All	1y	
		PTO shafts	Imported	All	1y	
		OEM parts	Falcon	All	1y	
	Rotavators	Gearboxes	Falcon	All	1y	
		OEM parts	Falcon	All	1y	
	Rotorspreaders	OEM parts	Falcon	All	1y	
PTO shafts		Imported	All	1y		
Limespreaders	OEM parts	Falcon	All	1y		
Bale forks + beams	OEM parts	Falcon	All	1y		
Unloaders®	OEM parts	Falcon	All	1y		
Bale Grab	OEM parts	Falcon	All	1y		
Amazone	Spreaders Sprayers Soil Tillage Turf equipment	All	Amazone	All	1y	

PRODUCT RANGE

The Falcon F25 and F40 range of Light and Medium Duty Slashers are intended for general grass cutting and slashing operations.

- Available in a range of sizes with working widths from 0,9 to 1,5 m, they are suitable for tractors from 10 to 50 kW.
- The range is fitted with Falcon's imported F25 and F40 gearboxes, providing reliable, trouble-free operation.
- An alternative off-set hitch position is available on some models, allowing cutting up to boundaries and fence lines.
- All models are fitted with substantial safety flaps, curtains and guards.





The cutting gear on this range of products consists of articulated blades mounted on a rotating blade disk.

PRODUKREEKS

Die Falcon F25- en F40-reeks Ligte- en Mediumdienswentelsnyers is vir algemene grassny- en bossiekapwerk ontwerp.

- Hulle is beskikbaar in 'n verskeidenheid groottes met werkswydtes van 0,9 tot 1,5 m en is geskik vir trekkers van 10 tot 50 kW.
- Die reeks is toegerus met Falcon se ingevoerde F25- en F40-ratkaste, wat almal betroubare, moeitevrye werkverrigting bied.
- 'n Alternatiewe kontrahaakposisie is op sekere modelle beskikbaar, wat dit moontlik maak om tot teenaan grensdrade en heinings te sny.
- Alle modelle is met stewige veiligheidsflappe, -gordyne en -skerms toegerus.

Die snymeganisme aan hierdie reeks produkte bestaan uit geartikuleerde lemme wat op 'n draaiende lemskyf gemonteer is.

Profile	Model (Part No.)	Blades/ Spindles (qty)	Working width (mm)	W x L (mm)		Mass (kg)	Power, max. (kW)
	F25-90 (A0001)	3 (x1)	900	1 125	1 250	165	10–25
	F25-120 (A0003)	4 (x1)	1 200	1 420	1 495	224	15–35
	F40-120 (A0011)	4 (x1)	1 200	1 425	1 495	307	28–45
	F40-150 (A0013)	4 (x1)	1 500	1 750	1 725	413	35–50
Profiel	Model (Onderdeelnr.)	Lemme/ Spille (getal)	Werkswydte (mm)	B x L (mm)		Massa (kg)	Krag, maks. (kW)

INSTALLATION

Attaching the implement to the tractor

- ⚠ Do not enter the area between the tractor and the implement unless the tractor engine is shut off, the handbrake applied and the key is removed from the ignition.
- ⚠ Use only hitch pins and linchpins of the correct specification, such as those provided with the implement.

The implement is equipped with a standard 3-point hitch for attachment to the tractor.

- ✔ Adjust the tractor 3-point hitch top link (Fig. 1-A) to provide sufficient slack in the implement topmast chains (Fig. 1-B) to allow articulation of the implement over undulating terrain.
- ✔ Lift the implement to an acceptable transportation height and operate the hitch offset facility to the extremities of its travel, ensuring that there is no contact between the implement and any part of the tractor.
- ✔ Adjust the tractor 3-point hitch stabiliser arms to prevent excessive lateral movement of the implement during transportation.
- ✔ Set the tractor hitch lift arms to a floating position to enable independent movement of the arms while cutting.




Fig. 1

Installing the PTO driveshaft

- ⚠ Ensure proper engagement between the PTO driveshaft couplings and the input and output shafts on the implement and tractor.
- ⚠ Ensure sufficient overlap of the PTO driveshaft tubes at the working position.
- ⚠ Do not exceed the specified PTO driveshaft speed.
- ⚠ Do not operate the implement without PTO driveshaft guards in place and in good condition. Anti-rotation chains must be attached.
- ⚠ Replace damaged or missing PTO guard parts with original spare parts only.
- ⚠ Do not approach the rotating PTO driveshaft and avoid loose-fitting clothing to prevent entanglement.

INSTALLERING

Koppel van die implement aan die trekker

- ⚠ Moenie tussen die trekker en die implement inbeweeg tensy die trekkerenjin afgeskakel, die handrem opgetrek en die sleutel uit die aansitter verwyder is nie.
- ⚠ Gebruik slegs haak- en lunspenne met die korrekte spesifikasies soos dié wat saam met die implement verskaf is.

Die implement is toegerus met 'n standaard 3-punt-haak om dit aan die trekker te koppel.

- ✔ Verstel die trekker se 3-punt-boskakeel (Fig. 1-A) om voldoende speling aan die implement se topmas-kettings (Fig. 1-B) te verskaf, sodat die implement die kontoere van die grond kan volg.
- ✔ Lig die implement tot 'n aanvaarbare vervoerhoogte en beweeg die haak tot by die uiterste punte om seker te maak dat die implement aan geen deel van die trekker raak nie.
- ✔ Verstel die 3-punt-haak se stabiliseerderarms om enige oormatige laterale beweging van die implement tydens vervoer te voorkom.
- ✔ Stel die trekker se 3-punt-haak se hysarms om vry te kan beweeg sodat onafhanklike beweging van die arms tydens sny moontlik is.




Fig. 2

Installering van die kragaftakkeras

- ⚠ Verseker behoorlike inskakeling tussen die kragaftakkeras se koppelstukke en die inset- en leweringsasse aan die implement en trekker.
- ⚠ Verseker voldoende oorvleueling van die kragaftakkeras se buise in die werksposisie.
- ⚠ Hou by die gespesifiseerde kragaftakkeras-spoed.
- ⚠ Moenie die implement bedryf sonder die kragaftakkeras-skerm in posisie en in goeie toestand nie. Teendraaikettings moet aangeheg wees.
- ⚠ Vervang beskadigde of ontbrekende kragaftakkeras-skerm-onderdele slegs met oorspronklike onderdele.
- ⚠ Moenie na aan die draaiende kragaftakkeras kom nie en vermy lospassende klere om verstrengeling te verhoed.

Due to the many variations in tractor and implement hitch configurations, it is likely that the supplied PTO driveshaft will have to be cut to suit the operating distance between the tractor and the implement.

- ✔ Before cutting the PTO driveshaft to the appropriate operating length, refer to the manufacturer's instructions supplied with the PTO shaft.
 - ✔ Following installation of the PTO shaft, lift the implement to an acceptable transporting height and ensure that there is no contact between the PTO driveshaft and the implement (Fig. 2-A).
 - ✔ Ensure that universal joint operating angles are not exceeded and that over-compression or over-extension of the PTO driveshaft is avoided (Fig. 2-B).
- ⊖ All PTO drive shafts supplied on Falcon implements are accompanied by a product handbook (IM-03-2008) describing all aspects of installation, operation, maintenance and safety with respect to the PTO drive shaft. The document constitutes part of this manual and will be found attached to the PTO drive shaft supplied with each new Falcon implement.

Settings and adjustment

- ⚠ Do not perform maintenance or any other work on the implement unless the tractor engine is shut off, handbrake applied and the key is removed from the ignition.
- ⚠ Do not perform maintenance or any other work on the implement while it is suspended only on the tractor 3-point hitch, and without suitable additional support for the implement.

The working height of the implement is set by adjusting the position of the side panel in relation to the implement deck.




Fig. 3

- ✔ To set the working height of the implement, loosen the side panel retaining nuts (Fig. 3-A) and adjust the position of the nut (Fig. 3-B) as required. Ensure that the implement is level by measurement of the adjuster thread length protruding at each adjustment point.

Vanweë die talle variasies in trekker-en-implementhaak-konfigurasies sal die kragaftakkeras wat verskaf is, waarskynlik verkort moet word om by die bedryfsafstand tussen die trekker en die implement te pas.

- ✔ Verwys eers na die vervaardiger se instruksies wat saam met die kragaftakkeras voorsien is voordat die as tot die gepaste lengte gesny word.
 - ✔ Na installering van die kragaftakkeras moet die implement tot 'n aanvaarbare vervoerhoogte gelig word, en maak seker dat daar geen kontak tussen die kragaftakkeras en die implement is nie (Fig. 2-A).
 - ✔ Verseker dat kruiskoppelingwerkshoeke nie oorskry word nie en dat geen oorkompressie of oorverlenging van die kragaftakkeras plaasvind nie (Fig. 2-B).
- ⊖ Alle kragaftakkerasse wat saam met Falcon-implemente verskaf word, word vergesel van 'n produkhandleiding (IM-03-2008) wat alle aspekte van installering, bedryf, instandhouding en veiligheid m.b.t. die kragaftakkeras beskryf. Dit vorm deel van hierdie handleiding en sal aan elke kragaftakkeras van elke nuwe Falcon-implement gevind word.

Instelling en verstelling

- ⚠ Moenie enige instandhouding- of ander werk aan die implement doen tensy die trekkerenjin afgeskakel, die handrem opgetrek en die sleutel uit die aansitter verwyder is nie.
- ⚠ Moenie enige instandhouding- of ander werk aan die implement uitvoer terwyl dit nog aan die trekker se 3-punt-haak hang, en sonder bykomende steun vir die implement nie.

Die werkshoogte van die implement word gestel deur die posisie van die sypaneel in verhouding tot die implementdek te verstel.

- ✔ Om die werkshoogte van die implement te verstel, laat skiet die sypaneel klemmoere (Fig. 3-A) en verstel die posisie van die moer (Fig. 3-B) soos verlang. Maak seker dat die implement gelyk is deur die lengte van die draad te meet wat uitsteek op elke verstelpunt.

Lubrication and oil levels

Confirm that all gearbox oil levels are correct prior to use of the implement.

- ✔ The gearbox is equipped with an oil filling port. Remove the filler plug (Fig. 4-A) and add oil through the filling port so that the oil level coincides with the bottom edge of the hole.




Fig. 4

Ensure that the PTO shaft is properly lubricated before use of the implement.

- ✔ Apply grease to the universal joints (Fig. 5-A) and telescopic tubes (Fig. 5-B) of the PTO shaft.
- ✔ For additional information, refer to the PTO manufacturer's handbook supplied with the implement.
- ⊖ For lubrication requirements, refer to MAINTENANCE, Table 2, Lubrication requirements.

Smering en olievlakke

Verseker dat alle ratkasolievlakke korrek is voordat die implement gebruik word.

- ✔ Die ratkas beskik oor 'n olievulgat. Verwyder die vullerprop (Fig. 4-A) en voeg olie by totdat die olievlak gelyk is met die onderste rand van die gat.




Fig. 5

Verseker dat die kragaftakkeras behoorlik gesmeer is voor gebruik van die implement.

- ✔ Ghries die kruiskoppelings (Fig. 5-A) en teleskopiese buise (Fig. 5-B) van die kragaftakkeras.
- ✔ Verwys vir verdere inligting na die kragaftakkeras se vervaardigershandboek wat saam met die implement voorsien is.
- ⊖ Vir smeringvereistes, verwys na INSTANDHOUDING, Tabel 2, Smeringvereistes.

OPERATION

General

It is the responsibility of the owner to ensure that the operation of an agricultural tractor and any attached equipment is carried out in accordance with all applicable laws, regulations and practices relating to safe and responsible operation.

- ➔ Applicable regulations should include but not be limited to the South African Occupational Health and Safety Act No. 83 of 1993 and the South African National Road Traffic Act No. 93 of 1996.
- ➔ Refer also to operational information relevant to the tractor concerned, including handbooks, operator manuals, safety and warning notices and decals.

Preparation for use

- ⚠ Only suitably trained persons should operate the implement and no person should operate the implement without first studying and establishing a complete understanding of the content of this manual.

The implement should be thoroughly inspected and prepared before each use and with reference to procedures described elsewhere in this manual.

1. Attaching the implement to the tractor.
2. Installing the PTO driveshaft.
3. Settings and adjustments.
4. Lubrication and oil levels.
5. Routine maintenance (before and after each use).

Inspect the work area.

- ✔ Remove any movable obstructions from the work area, especially any object which may become a projectile.
- ✔ Note the presence of ditches, holes, stumps, rocks, or any other obstruction that might destabilise the tractor or cause damage to the implement. Remove these obstacles where possible, otherwise note and avoid these areas during cutting.

Operating the implement

- ⚠ Never approach or allow any person to approach the implement unless the implement has been lowered to the ground, the tractor engine is shut off, the handbrake applied and the implement cutting gear has come to a complete stop.
- ⚠ Actively discourage spectators and cease operation of the implement if any person approaches or enters the work area.

WERKING

Algemeen

Dit is die verantwoordelikheid van die eienaar om te verseker dat die bedryf van 'n landboutrekker en enige gekoppelde toerusting uitgevoer word in ooreenstemming met alle toepaslike wette, regulasies en praktyke wat met veilige en verantwoordelike bediening te doen het.

- ➔ Toepaslike regulasies sluit in, maar is nie beperk tot, die Suid-Afrikaanse Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid nr. 85 van 1993 en die Suid-Afrikaanse Wet op Nasionale Padverkeer nr. 93 van 1996 nie.
- ➔ Verwys ook na bedryfsinligting oor die betrokke trekker, insluitend handboeke, operateurshandleidings en veiligheid- en waarskuwingskennisgewings en -plakkers.

Voorbereiding vir gebruik

- ⚠ Slegs toepaslik opgeleide persone moet die implement bedryf, en geen persoon moet dit bedryf sonder om eers die inhoud van hierdie handleiding te bestudeer en 'n volledige begrip daarvan te verkry nie.

Die implement moet telkens eers deeglik geïnspekteer en voorberei word voor dit gebruik word en met verwysing na prosedures wat in ander dele van hierdie handleiding beskryf word.

1. Koppeling van die implement aan die trekker.
2. Installering van die kragaftakkeras.
3. Instellings en verstellings.
4. Smering en olievlakke.
5. Roetine-instandhouding (voor en na elke gebruik).

Inspekteer die werksgebied.

- ✔ Verwyder enige los obstruksies van die werksgebied, veral enige voorwerp wat dalk 'n projektiel mag word.
- ✔ Let op enige dongas, gate, stompe, klippe, of enige ander obstruksie wat die trekker mag destabiliseer of die implement kan beskadig. Verwyder hierdie hindernisse waar moontlik, of anders moet hierdie gebiede gedurende sny vermy word.

Bedryf van die implement

- ⚠ Moet nooit na die implement beweeg, of toelaat dat enigiemand anders dit doen, tensy die implement op die grond laat sak is, die trekkerenjin afgeskakel is, die handrem opgetrek is en die implement se snymeganisme heeltemal tot stilstand gekom het nie.
- ⚠ Toeskouers moet aktief ontmoedig word en snywerk moet onmiddellik gestaak word as enige persoon die werksgebied benader of dit betree.

- ⚠ Be sure to operate the implement only at the specified PTO input speed.
 - ⚠ Do not approach the rotating PTO shaft and avoid loose-fitting clothing to prevent entanglement.
- ⊖ Failure to operate the implement at the specified PTO shaft speed can result in unsafe operating conditions as well as structural and mechanical failure not covered under warranty.

The cutting process

The following procedure is recommended for starting the cutting process and, in general, should be followed on each occasion that PTO input is engaged.

- ✔ Start the tractor with the implement suspended on the tractor 3-point hitch.
 - ✔ Lower the implement so that blades are just clear of the material to be cut and engage the tractor PTO at idling speed.
 - ✔ Gradually increase the tractor throttle position to achieve the specified PTO operating speed.
 - ✔ Set the throttle to provide the specified PTO input speed and lower the implement to the working position.
 - ✔ Engage a low gear in the tractor and begin cutting.
- ⊖ Unless otherwise indicated, the specified implement PTO input speed should be 540r/min.
- ⊖ On tractors with an “economy” PTO drive option (indicated as 540E on the tractor’s tachometer), refer to the tractor’s operator manual in selecting the relevant PTO gearbox ratio on the tractor to maintain the specified implement PTO input speed.

Transportation and storage

The implement may be transported on the tractor 3-point hitch between work sites.

- ✔ Ensure that the implement is lifted to a suitable height to clear any obstacles.
- ✔ Adjust stabilisers on the tractor hitch to prevent excessive lateral sway and possible contact with the tractor tyres.
- ✔ Maintain a speed low enough to prevent excessive bouncing and resultant damage to mounting points and other load-bearing components.

- ⚠ Verseker dat die implement slegs teen die gespesifiseerde kragaftakkerasinsetspoed bedryf word.
 - ⚠ Moenie die draaiende kragaftakkeras benader nie en verhoed verstrengeling deur lospassende klere te vermy.
- ⊖ Versuim om die implement teen die gespesifiseerde kragaftakkeras-insetspoed te bedryf kan tot onveilige bedryfstoeestand lei, asook tot strukturele en meganiese onklaarraking wat nie deur die waarborg gedek word nie.

Die snyproses

Die volgende prosedure word aanbeveel om die snyproses te begin en moet in die algemeen gevolg word elke keer wanneer die kragaftakker gebruik word.

- ✔ Skakel die trekkerenjin aan met die implement wat aan die 3-punt-haak hang.
 - ✔ Laat die implement sak totdat die lemme net bokant die materiaal is wat gesny moet word en aktiveer die kragaftakker teen luierspoed.
 - ✔ Versnel geleidelik met die handversneller totdat die voorgeskrewe kragaftakkerinsetspoed bereik word.
 - ✔ Stel die versneller om teen die gespesifiseerde kragaftakkerinsetspoed te loop en laat sak die implement na die werksposisie.
 - ✔ Sit die trekker in ’n lae rat en begin sny.
- ⊖ Tensy anders aangedui, moet die gespesifiseerde implement se kragaftakkerinsetspoed 540r/min wees.
